



2027

OOREENKOMS

OOREENKOMS TUSSEN SNOETJIES EN SPROETJIES KLEUTERSKOOL
(hierna genoem die Kleuterskool)

en

_____ (hierna genoem die Ouer)

Aangesien die Ouer begerig is dat sy/haar Kleuter/Baba bedags 'n opvoedkundige program onder leiding van die Kleuterskool bywoon en versorg word, EN AANGESIEN DIE KLEUTERSKOOL begerig is om die Kleuter aan die opvoedkundige program toe te laat en te versorg teen 'n bepaalde tarief:

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:

1. DIE KLEUTERSKOOL ONDERNEEM:

- 1.1 Om die Kleuter/Baba genaamd _____ 'n opvoedkundige program te laat volg en/te versorg.
- 1.2 Om 'n genoegsame sekerheidsarea te voorsien waarin die opvoedkundige program en versorging aangebied sal word.
- 1.3 Om 'n program aan die Kleuter/Baba te bied wat opvoedkundig van aard is.
- 1.4 Om die Ouer onmiddellik telefonies te kontak in geval van siektetoestand en/of besering van die Kleuter/Baba.
- 1.5 Om minstens elke ses (6) maande 'n vorderingsverslag van die Kleuter aan die Ouer te voorsien/of ses (6) maandelikse mondelikse onderhoude met die Ouer te hê, indien so versoek.
- 1.6 Om Kleuters op opvoedkundige uitstappies te neem **of dit by die skool te laat aanbied.**

2. DIE OUER ONDERNEEM:

- 2.1 Om die inskrywingsvorm volledig in te vul en aan die Kleuterskool te voorsien, binne 7 dae na die Kleuter ingeskryf is by die skool.
- 2.2 Om stiptelik by die tye te hou soos deur die Kleuterskool neergelê. Kleuters kan vanaf 6:00vm by die skool afgelaai word. Die finale afhaal tyd van Kleuters is 17:00 vir **17:30nm. Na 17:30 word boete gehef.**
- 2.3 Dat die Kleuter/Baba se mediserings en inentings volgens wetlike voorskrifte nagekom is/en sal word.
- 2.4 Indien 'n Kleuter/Baba medikasie ontvang moet die ouer dit by die onderwyseres inhandig en die medisyneregister voltooi. Geen aanspreeklikheid word deur die Kleuterskool aanvaar indien die ouer nagelaat het om die medisyneregister te voltooi/foutief voltooi het nie.(Sien skrywe in boekie)
- 2.5 ***Om die ooreengekome tarief voor of op die eerste (1ste dag) van elke maand, maandeliks vooruit in kontant, of elektronies aan die Kleuterskool oor te betaal.***
- 2.6 Om in die geval van ernstige aansteeklike siekte op die Ouer se eie onkoste alternatiewe reëlins vir die Kleuter/Baba te tref, en in so 'n geval nie Kleuterskool toe sal bring nie.
- 2.7 **Om die Kleuter/Baba te voorsien van die items (Maandelikse benodighede) wat in boekies uiteengesit is en vereis word. Die Skryfbehoeftes, beddegoed en bak-en brou fooie is by registrasiefooie ingereken.**
- 2.8 Indien iemand anders, behalwe die persone soos aangedui op die inskrywingsvorm die Baba/Kleuter kom afhaal moet die Ouer/Voog, met die Kleuterskool vooraf reël.

3. TARIEWE:

- 3.1 Die volgende tarieweskedule is van toepassing.
- 3.2 Neem ook kennis dat ouers wat kleuters vir 'n interrum tydperk uit die skool haal steeds verantwoordelik bly vir die betaling van die volle maandelikse skoolgeld of dan betaling van die kennisgewing tydperk soos per kontrak bepaal en ooreengekom deur beide partye.

		HALFDAG (met ontbyt)	VOLDAG (ontbyt en middagete)
Inskrywingsfooi		R2400-00	R2400-00
5 Dae per week	Babas Kleuters	R2900-00 R2800-00	R2950-00 R2850-00
4 Dae per week	Babas Kleuters	R2800-00 R2500-00	R2850-00 R2550-00
3 Dae per week	Babas Kleuters	R2700-00 R2600-00	R2750-00 R2650-00
Dagbesoekers	Babas Kleuters	R250-00 R250-00	R300-00 R300-00
Laatbetalings		R100-00 p.d. na betaaldatum	R100-00 p.d. na betaaldatum
Boete vir laat afhaal van kleuters		R100-00 vir elke halfuur of gedeelte	R100-00 vir elke halfuur of gedeelte

Die baba-tarief geld totdat die Kleuter selfstandig toilet kan gebruik.

- 3.3 Bogemelde tariewe is oor 12 maande betaalbaar. Kleuters wat Oktober en November skool bywoon se ouers bly steeds verantwoordelik vir Desember se skoolgeld al gee hulle kennis. Die Kleutertarief geld eers as 'n kleuter selfstandig toilet kan gebruik en nie glipsies kry nie.
- 3.4 **Skoolgeld is vooruit betaalbaar voor of op die eerste van die maand. Elektroniese oorbetalings moet so gedoen word dat die fondse teen die eerste (1ste) van die maand beskikbaar is. Die kleuter se naam word as verwysing gebruik.**
- 3.5 ***Die Kleuterskool behou die reg om toegang van 'n kind te weier indien skoolgelde nie betaal is nie, en alternatiewe reëlins nie met die Skoolhoof getref is nie.***

4. VERLOF:

- 4.1 Die Kleuterskool sal gesluit wees tydens die amptelike skoolvankansies soos bepaal deur die Gautengse Onderwysdepartement/maar daar sal toesig vir die Kleuters/Babas wees, of soos deur die Kleuterskool gereël.
- 4.2 Die Kleuterskool sal op **openbare vakansiedae** gesluit wees.
- 4.3 Die onderwyseres is geregtig op 11 betaalde werksdae

siekteverlof per jaar, met dien verstande dat 'n mediese sertifikaat tot die beskikking van die Ouers gestel sal word op aanvraag.

- 4.4 Die Kleuterskool sal gesluit wees die laaste week van die Julie-vakansie/of soos deur die Kleuterskool met u gereël.
- 4.5 Die kleuterskool sal in Desember 1 week na die departementele skole sluit en in Januarie 1 week voor die departementele skole open/**of soos vroegtydig deur die Kleuterskool met u gereël.**

5. **TOESTEMMING:**

- 5.1 Die Ouer gee hiermee toestemming dat die Kleuterskoolonderwyseres(se) die Kleuter/Baba na die naaste mediese praktisyns of ongevalle eenheid kan neem of Paramedici kan ontbied, indien nodig en dat die Kleuter/Baba mediese behandeling op die onkoste van die Ouer mag ontvang indien die Ouer nie telefonies gekontak kan word nie en in geval van nood.
- 5.2 Die Kleuterskool mag Kleuters dissiplineer, alhoewel geen lyfstraf ooit toegedien mag word nie.

6. **KANSELLASIE:**

- 6.1 Die partye is geregtig om hierdie ooreenkoms wedersyds te kanselleer by wyse van twee (2) kalendermaande skriftelike kennis, met dien verstande dat, indien die Ouer sou versuim om aan die bepalings van hierdie ooreenkoms te voldoen, die Kleuterskool geregtig sal wees om die Ouer skriftelik in kennis te stel om sodanige gebrek binne drie (3) dae te herstel, by gebreke waarvan die Keuterskool geregtig sal wees om sonder enige verdere kennisgewing, hierdie ooreenkoms summier te kanselleer en sodanige skade wat gely is van die Ouer te verhaal, en die Kleuter/Baba dus nie langer versorg word nie en geweier kan word om verder die Kleuterskool by te woon.
- 6.2 Indien 'n kind se optredes/gedrag van so aard is dat hy/sy 'n gevaar vir die ander kinders word, behou die Kleuterskool die reg voor om die ooreenkoms met onmiddellike effek te kanselleer, nadat daar met die Ouers beraad is. Indien daar opsetlike saakbeskadiging deur 'n kleuter is sal die ouers verantwoordelik gehou word vir die skade se herstel.

7. INVORDERING:

- 7.1 Die Ouers stem hiermee toe dat indien hy/sy versuim om enige betaling voor of op die betaaldatum te maak en die Kleuterskool oorhandig sodanige uitstaande bedrag aan 'n prokureur of invorderings maatskappy vir invordering, die Ouer aanspreeklik sal wees vir alle kostes op 'n prokureur-kliënteskaal, invorderingskommissie teen tien persent (10%) asook alle opsporingsfooie, indien enige, te betaal.

8. KLERASIE:

- 8.1 Die Ouer sal toesien dat alle klerasie en/of persoonlike items van die Kleuter/Baba op 'n duidelike en leesbre manier gemerk word. Sou die Ouer versuim om aan hierdie voorwaarde te voldoen, sal die Kleuterskool hoegenaamd nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies daarvan nie.

9. REGSAANSPREKLIKHEID

- 9.1 Die Kleuterskool sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade, insluitend gevolg skade wat deur die Ouer, Kleuter/Baba of enige ander persoon gely mag word en wat voortspruit uit enige gebeurlikheid wat verband hou met die "Kleuterskool/Kleuterverhouding versorging" nie.
- 9.2 Die Ouer doen afstand van enige eise teen die Kleuterskool voortspruitend uit liggaamlike beserings deur die Kind opgedoen terwyl onder die sorg van die Kleuterskoolpersoneel, of op die Kleuterskoolperseel.

10. VOLLE OOREENKOMS

- 10.1 Die partye plaas op rekord dat hierdie ooreenkoms tesame met die Boekiebriewe wat geteken is wat geag word 'n integrale deel van die ooreenkoms tussen die partye te wees, die volle ooreenkoms tussen die partye behels en dat geen ander ooreenkoms van enige krag sal wees tensy dit op skrif is en deur al die partye onderteken is nie.
- 10.2 Geen waarborge, ondernemings of voorstelling ander dan die vervat in hierdie ooreenkoms is deur die partye gegee of gemaak nie.

11. **DOMICILUM**

- 11.1 Die partye kies as hulle onderskeie domicilium citandi et executandi, waar sodanige party betekening van enige kennisgewing en/of prosesstuk in terme van hierdie ooreenkoms sal aanvaar, die onderstaande adresse:

Die Kleuterskool:

Snoetjies en Sproetjies Kleuterskool
Antunstraat 169
SINOVILLE
0182

Die Ouer:

Straatadres

Posadres

12. **INTERPRETASIE:**

- 12.1 Die partye stem toe dat, tensy die teendeel duidelik uit die samehang blyk, die manlike/vroulike en onsydige insluit en omgekeer, die enkelvoud en meervoud en omgekeer, en 'n natuurlike persoon, 'n regspersoon en omgekeer. Met verwysing na die Ouer sluit ook in die wettige voog(de) van 'n kind.

13. **AFSTANDDOENING:**

- 13.1 Geen toegewings en/of verslappings deur die een party aan die ander toegestaan, sal geag word as 'n afstanddoening te wees van sodanige party se reg om stiptelike en spesifieke nakoming van ieder en elke bepaling van hierdie ooreenkoms te vereis nie. In die besonder kom die partye ooreen dat dit nie geag sal word 'n novasie van hierdie ooreenkoms te wees nie en sal dit geen basis vorm vir die wysiging van hierdie ooreenkoms nie.

14. TAAL:

- 14.1 Die partye hiertoe erken dat hierdie ooreenkoms in die taal van hule keuse opgestel is en dat hulle ten volle bewus is van die inhoud, betekenis en uitwerking van hierdie ooreenkoms.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE PRETORIA OP HIERDIE _____ DAG VAN

_____.

HOOF: KLEUTERSKOOL

GETUIE

VADER

GETUIE

MOEDER

Bankbesonderhede

M.J. Cilliers
Absa Sinoville
Tjek Rekening
No 5260150806
Sel 0825724865